basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**NOVEMBER 2011**

**MEMORANDUM**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2011 -11- 10
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**PUNTE: 80**

Goedgekeur
20/11/2011
Eksterne Moderator
Interne Moderator

Goedgekeur
20/11/2011
Eksterne Moderator

**Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.**

20-11-2011
Interne Moderator

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. Penalisering geskied slegs as dit die woordbetekenis verander.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vereis:
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ plus die rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ maar die rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = ×
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is VERKEERD = × Die rede/motivering/aanhaling = ×, ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar eenwoord-antwoorde/twee opeenvolgende woorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord/woorde onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord/woorde is ... .
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks, sien SLEGS die eerste een of twee (afhangend van die vereiste getal feit(e)/punt(e) gevra) na. Indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

## VRAAG 1: TIENER, HOE BEHOORT JY TE LEEF?

[Verwerk uit: *Die Burger*, 19 Julie 2010]

518 woorde

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | • (Hulle) ouers<br>• (Hulle) ma en pa<br>• (Hulle) ma/pa<br><br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 1 | 1 |
| 1.2 | Tieners/Hoërskoolleerders/13 – 19-jariges/ Jongmense/Jeug/Graad 8 – 12<br>• Die artikel gee raad aan tieners/die tiener (oor hoe om te leef).<br>• Die opskrif spreek tieners/die tiener aan.<br>• Tieners kan baie hieruit leer.<br>• Tieners moet leer om hulle ouers te respekteer.<br>• Wenke/raad vir tieners (oor hoe om te leef).<br>• Tieners word bewus gemaak van wat ouers vir hulle doen.<br><br>(Enige EEN of soortgelyk. Sien na soos WAAR/ONWAAR) | 1 | 2 | 2 | 3 |
| 1.3.1 | Waar | 1 | 2 | 1 | 2 |
| 1.3.2 | "groter sê"<br><br>(TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE) | 1 | 2 | 1 | 2 |
| 1.4 | C leer so baie dinge by hulle ouers. | 1 | 2 | 1 | 2 |
| 1.5 | Die tieners kan (baie) **geld spaar**. | 1 | 2 | 1 | 1 |
| 1.6.1 | • Ouers **kook kos** vir hulle kinders. (Nie net "kos" nie)<br>• Ouers **was** hulle kinders se **wasgoed**.<br>• Ouers **koop** vir hulle kinders **klere**. (Nie net "klere" nie)<br>• Wasgoed.<br><br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 1 | 1 |
| 1.6.2 | Uit liefde | 1 | 2 | 1 | 1 |
| 1.7 | C met hulle min geld baie kan koop. | 1 | 2 | 3 | 2 |
| 1.8 | • Elkeen gaan sy/haar eie rigting.<br>• Elkeen kies dalk om in 'n ander land te gaan bly.<br><br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 3 | 2 |
| 1.9 | Deur (hard) te werk (op skool). | 1 | 2 | 3 | 1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.10 | Dit bepaal jou **keuses** na skool.<br><br>(Die antwoord moet verband hou met 'n keuse/die woord "kies") | 1 | 2 | 3 | 1 |
| 1.11 | dit gee die skrywer se mening. | 1 | 2 | 1 | 2 |
| 1.12 | • Die tieners sal ontdek waarvan hulle hou.<br>• Die tieners sal ontdek waarin hulle goed is.<br>• As jy net op sport of net op kultuur fokus, gee jy jou nie kans om te ontdek waarvan jy hou of waarin jy goed is nie. (Volledige sin)<br><br>(Enige EEN of soortgelyke antwoord wat "groei" verduidelik) | 1 | 2 | 2 | 3 |
| 1.13 | • (Die) geleenthede wat hierdie beroepe bied.<br>• (Die) geld wat hulle in die beroepe kan verdien. | 2 | 2 | 1 | 1 |
| 1.14 | • Hulle moet versigtig wees hoe hulle leef.<br>• Hulle moet oppas wie hulle as vriende kies.<br><br>(Enige soortgelyke formulering wat die konsep van waarskuwing bevat) | 2 | 2 | 2 | 1 |
| 1.15 | Ek leer om<br>• tyd saam met my gesin/familie deur te bring.<br>• my gesin/familie te waardeer.<br>• my ouers te respekteer.<br><br>Ek leer dat<br>• my gesin/familie belangrik/spesiaal is.<br>• ek lewenslesse by my ouers kan leer.<br><br>(Enige EEN, EIE RESPONS of aanhalings wat verband hou met artikel oor verhoudings tussen jou en jou familie.) | 1 | 2 | 2 | 3 |
| 1.16 | Ja<br><br>• Die slotsin gee die antwoord op die vraag in die titel/hoe om te leef.<br>• Die slotsin gee die gevolgtrekking oor hoe jy moet leef.<br>• As jy reg leef, word jy die mens wat jy graag wil wees.<br><br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 3 | 3 |
| | **SUBTOTAAL:** | **21** | | | |

**TEKS B: ADVERTENSIE** [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 28 April 2011] 111 woorde

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.17 | • Om die leser se aandag te trek.<br>• Om die opskrif te beklemtoon.<br>• Om aan te dui hoe belangrik die inligting is.<br>• Om aandag op die opskrif te vestig.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 3 | 2 |
| 1.18 | A sal help om enige Wiskunde-eksamen te slaag.<br>**OF**<br>B goed voorberei vir hulle Wiskunde-eksamen. | 1 | 2 | 2 | 2 |
| 1.19.1 | Waar | 1 | 2 | 2 | 2 |
| 1.19.2 | • Hulle kan dit (by 36487) **bestel**.<br>• Hulle kan **sms** (na 36487) om te **bestel**.<br>• Hulle kan dit by die **naaste boekhandelaar koop**.<br>• Jy kan dit deur enige winkel **bestel**.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 2 | 2 | 2 |
| | **OF** | | | | |
| 1.19.1 | Onwaar | 1 | 2 | 2 | 2 |
| 1.19.2 | • **Daar is nie 'n winkel nie**.<br>• Jy moet die winkelnaam sms.<br>• Sms Wiskunde, die winkelnaam ...<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 2 | 2 | 2 |
| 1.20 | • Matrieks se prestasie (in Wiskunde) sal soos 'n vuurpyl opstyg.<br>• Matrieks sal presteer/goed doen (in Wiskunde).<br>• Matrieks sal goed voorbereid wees (vir Wiskunde).<br>• Matrieks sal meer punte kan kry.<br>• Dit wys dat die studiegids jou tot hoër hoogtes sal lei.<br>• Met die hulp van die studiegids, styg jy bo die ander wat nie die studiegids het nie, uit.<br>• Dit is 'n vinnige manier om te leer.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 2 | 3 | 3 |
| 1.21 | • Dit kan hulle vordering kontroleer.<br>• Dit kan hulle help om uit hulle foute te leer.<br>• Hulle kan vasstel of hulle antwoorde reg is.<br>• Hulle kan sien wat hulle verkeerd gedoen het.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 2 | 3 | 1 |

Kopiereg voorbehou

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.22 | Nee.<br><br>Dit is ook in Engels. | 1 | 2 | 3 | 1 |
| 1.23 | • Om hierdie studiegids te verkoop.<br>• Om hierdie studiegids te adverteer/te bemark/ bekend te stel.<br>• Wil matrieks laat weet/bewus maak van die studiegids.<br>• Wil die matrieks wys/aanmoedig/oorreed om die studiegids te koop.<br>• Vir die adverteerder om geld te maak.<br>(**Nie** die studiegids help jou met jou eksamen **nie**.)<br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 1 | 2 |
| 1.24 | • Die vraag betrek dadelik die leser.<br>• Dit laat die matrieks besef dat dit nou tyd is om voor te berei (relevansie met eindeksamen/nou besig).<br>(Of soortgelyk) | 1 | 2 | 1 | 2 |
| | **SUBTOTAAL: 9** | | | | |
| | | | **TOTAAL AFDELING A: 30** | | |

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL

**Sien jy kans vir 'n tatoeëermerk?** [Verwerk uit: *Jip*, 21 Januarie 2010] 294 woorde

## ASSESSERINGSRIGLYNE

**RIGLYNE GELD SLEGS VIR 2011**

## PUNTETOEKENNING

| | PUNTE |
|---|---|
| Hoofgedagtes (1 punt per hoofgedagte ongeag aanhalings,sinsnede of eie sinne) | 7 |
| Taal | 3 |
| | 10 |

## KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE

| **Die hoofgedagte kan in 'n volsin of in sinsnedes aangebied word, solank dit sinvol is.** | **PUNTE** |
|---|---|
| 1 – 3 hoofgedagtes korrek | 1 |
| 4 – 5 hoofgedagtes korrek | 2 |
| 6 – 7 hoofgedagtes korrek | 3 |

## SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)

| | | |
|---|---|---|
| **Feit** | | 7 |
| **Taal** | | 3 |
| | = | 10 |

## LET WEL

**Formaat:**
Selfs indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied word, moet dit geassesseer word. Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

**Woordtelling:**

- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidaat se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe getal woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

**TOTAAL: AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou

**ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 75 woorde) van hierdie paragraaf nagesien.

Kopiereg voorbehou

## Sien jy kans vir 'n tatoeëermerk?

[Verwerk uit: *Jip*, 21 Januarie 2010]
(294 woorde)

| | Direkte aanhaling | Moontlike verwerking |
|---|---|---|
| | *Sien jy kans vir 'n tatoeëermerk? Lees eers hier en besluit dan.* | |
| 1 | Is jy bang vir naalde? **Die tatoeëerkunstenaar spuit die ink met tot 14 naalde op 'n slag teen honderde kere per minuut onder jou vel in.** Die naalde gaan omtrent 1 mm diep onder jou vel in. | • As jy bang is vir naalde, is 'n tatoeëermerk nie vir jou nie.<br>OF<br>• Die tatoeëerkunstenaar **gebruik naalde** om die tatoeëermerk aan te bring.<br>OF<br>• Die tatoeëerkunstenaar **gebruik naalde** om die ink onder die vel in te spuit. |
| 2 | Party mense sê dit voel soos 'n harde knyp as die naalde onder jou vel insteek. Ander mense sê dit voel soos honderde bysteke of soos 'n boor wat deur jou vel gaan. **Almal stem saam dat dit seer is om 'n tatoeëermerk te kry.** | • Dis **seer** om 'n tatoeëermerk aan te bring.<br>OF<br>• Dis **seer** as die naald onder jou vel ingaan/deur jou vel gaan. |
| 3 | Die meeste mense verkies hul tatoeëermerke op die laerug en die enkels, maar dit is minder seer op jou bors of bo-arm. Daar is meer weefsel tussen die vel en die been. **Die plek waar jy jou prentjie wil hê, bepaal dus hoe seer dit gaan wees om die tatoeëermerk aan te bring.** | • Die **plek** waar jy jou tatoeëermerk wil hê, **bepaal hoe seer dit gaan wees.** |
| 4 | **Jy moet seker maak dat jy na 'n professionele tatoeëerkunstenaar toe gaan. Jy sal weet die persoon is professioneel as die salon skoon is en hy of sy alle naalde voor jou oopmaak.** | • Jy moet net na 'n **professionele tatoeëerkunstenaar** toe gaan.<br>OF<br>• Jy moet jou tatoeëermerk in 'n professionele salon laat doen. |
| 5 | **Moenie bang wees om vrae te vra oor die versorging van jou nuwe tatoeëermerk nie.** Jy mag byvoorbeeld nie dadelik bad of swem nie. Dit is ook belangrik dat jy 'n sonskerm van minstens 30 SPF op die merk dra. | • Jy moet weet hoe om jou tatoeëermerk te **versorg.** |
| 6 | **Jy moet weet dat daar komplikasies kan intree en wat jy in sulke gevalle moet doen.** 'n Voorbeeld van komplikasies is as jou vel om die tatoeëermerk septies raak. | • Jy moet weet dat daar **komplikasies** kan intree. |
| 7 | En onthou: wat op 18 hiper-cool is, gaan op 50 verkeerd lyk! Dit kos duurder om die tatoeëermerk te verwyder as om dit te laat teken. **Wees dus seker dat jy die tatoeëermerk wil hê voordat jy dit laat doen.** | • Jy moet seker maak dat jy 'n tatoeëermerk wil hê. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**
**ASSESSERINGSRIGLYNE**

**WOORDSTRUKTURE**
- Spelling moet korrek wees om die punt te verdien.
- Die standaardvariant geld.

**SINSTRUKTURE**
- Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE** [Verwerk uit: *Weg*, Junie. 2009] 104 woorde

| | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | Swem **saam** met 'n witdoodhaai. | 1 | 4 | 2: Verbeter 'n taalfout. Gebruik "saam" en "met" in een sin. | 1 |
| 3.2 | • Sluit net **mans** in.<br>• Sluit vrouens uit.<br>• Dit sê "net vir mans".<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 | 3: Identifiseer vooroordeel. Kritiese taalbewustheid. | 3 |
| 3.3 | aktiewe | 1 | 4 | 1 Gebruik die korrekte afleiding van die woord. | 1 |
| 3.4 | vinnig | 1 | 4 | 1: Gebruik antonieme gepas. | 1 |
| 3.5.1 | konnotasie | 1 | 4 | 3: Identifiseer die verskil tussen denotasie en konnotasie en verduidelik die begrip. | |
| 3.5.2 | • Die woorde word figuurlik gebruik.<br>• Dit is beeldspraak/idioom/ uitdrukking.<br>• Daar word nie regtig 'n vuur aangesteek nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk. Word soos WAAR/ONWAAR hanteer.) | 1 | 4 | | 3 |
| 3.6 | Ons hanteer **nie** die vervelige goed **nie**.<br>**OF**<br>Nee, ons hanteer **nie** die vervelige goed **nie**.<br>**OF**<br>Ons hanteer die vervelige goed **nié**.<br>(Om die punt by tweede opsie te verdien, moet die klem op die **nié** wees.) | 1 | 4 | 2: Gebruik ontkennende vorm korrek. Dubbele nie: eerste negatief na werkwoord/selfstandige naamwoord en 2de nie aan die einde van sin. | 2 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.7 | waarin | 1 | 4 | 2: Identifiseer die korrekte betreklike voornaamwoord. | 1 |
| 3.8 | paadjie | 1 | 4 | 1: Gebruik verkleiningsvorm korrek. | 1 |
| 3.9 | Die mense wat belangstel, moet **vandag telefonies by die agentskap** navraag doen. | 1 | 4 | 2: Gebruik woordorde korrek let op bywoord van tyd, wyse en plek. | 2 |
| **SUBTOTAAL: 10** | | | | | |

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 4: STROKIESPRENT** [Uit: *Cartoon strips*, 2010] 118 woorde

| | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.1 | boodskappe | 1 | 4 | 1: Gebruik meervoudsvorm korrek. | 1 |
| 4.2 | smoorkwaad<br>(Nie *briesend* kwaad nie) | 1 | 4 | 1: Gebruik intensiewe vorm korrek. | 1 |
| 4.3 | in | 1 | 4 | 2: Gebruik voorsetsel korrek. | 1 |
| 4.4 | ongelukkig/ontsteld/treurig/ hartseer/vies | 1 | 4 | 1: Gebruik antonieme gepas. | 1 |
| 4.5 | lui | 1 | 4 | 1: Herken/onderskei homofone. | 1 |
| 4.6 | rapport(kaarte)/Rapport(kaarte) | 1 | 4 | 1: Verbeter die spelling van 'n woord. | 1 |
| 4.7 | Die skool **het** die webwerf vir leerlinge se punte **gebruik**.<br>**OF**<br>Die skool **het** die webwerf **gebruik** vir leerlinge se punte.<br>(Enige EEN) | 1 | 4 | 2: Gebruik die verlede tyd korrek. het + ge + werkwoord | 2 |
| 4.8 | asb.<br>(Die afkorting moet met 'n kleinletter begin en die punt op die korrekte plek is noodsaaklik.) | 1 | 4 | 1: Gebruik 'n wye verskeidenheid alledaagse afkortings. | 1 |
| 4.9 | Wat het die dogter/sy gebruik om haar punte te kry? | 1 | 4 | 2: Gebruik vraagsinne. Vraagwoord begin die vraag met vraagteken aan die einde van die sin. | 2 |
| 4.10 | • Die kind is bly/tevrede/ opgewonde.<br>• Die kind hou van die idee dat net hy/sy sy/haar punte sal sien.<br>• Die kind se punte is dalk swak.<br>(Moet 'n volsin wees.)<br>(Enige soortgelyke antwoord. Indien die spraakborrel net so gebruik word, **moet die voornaamwoord verander word.)** | 1 | 4 | 3: Lei af uit die prentjie wat moontlik kon gebeur het. Visuele geletterdheid. | 3 |
| | | | | | |

**SUBTOTAAL: 10**

**TEKS A: ARTIKEL** [Verwerk uit: *Kids*, Februarie. 2011] 210 woorde

| MEMORANDUM | | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.1 | Japanners eet sjokolade; daarom **koop hulle** dit (graag) vir Valentynsdag.<br>(Woordorde, nie die leesteken nie, word getoets nie.) | 1 | 4 | 2: Gebruik voegwoorde akkuraat. Werkwoord in 2de sin skuif na voegwoord groep 2. | 2 |
| 5.2 | • Dit sal net groei op plekke naby die ewenaar.<br>• Dit sal net op plekke groei naby die ewenaar.<br>• Dit sal net op plekke naby die ewenaar groei.<br>OF<br>• Dit gaan net groei op plekke naby die ewenaar.<br>• Dit gaan net op plekke groei naby die ewenaar.<br>• Dit gaan net op plekke naby die ewenaar groei.<br>(Enige EEN) | 1 | 4 | 2: Gebruik toekomende tyd korrek. sal/gaan + werkwoord. | 1 |
| 5.3 | Interessante | 1 | 4 | 1: Gebruik die korrekte verbuiging van die byvoeglike naamwoord. | 1 |
| 5.4 | • Die besigheid is (deur Forrest Mars) begin.<br>OF<br>• Die besigheid is begin (deur Forrest Mars).<br>(Enige EEN) | 1 | 4 | 2: Gebruik passiewe vorm gepas en korrek. Begin met voorwerp; begin > is begin en Forrest Mars is opsioneel. | 2 |
| 5.5 | • vyf en vyftig<br>OF<br>• vyf-en-vyftig | 1 | 4 | 1: Gebruik die korrekte skryfwyse vir telwoorde. | 1 |
| 5.6 | van/Van | 1 | 4 | 2: Gebruik voorsetsel korrek. | 1 |
| 5.7 | groeiende | 1 | 4 | 2: Gebruik deelwoorde korrek. Teenwoordige deelwoord: groei+ende. | 1 |
| 5.8 | Beste | 1 | 4 | 1: Gebruik oortreffende trap korrek. | 1 |
| 5.9 | Eet 'n stukkie sjokolade as jy verkoue het, sodat **jy jou hoesbuie kan keer.** | 1 | 4 | 2: Gebruik voegwoorde akkuraat. Werkwoord in 2de sin skuif na einde van sin na die gebruik van voegwoord groep 3. | 2 |

Kopiereg voorbehou

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.10 | • Elke **keer** as ek iets doen, hoes ek.<br>(Keer verwys na 'n geleentheid)<br>(Die gebruik van die woord "keer" in die nuwe sin MAG NIE iets soos stop, voorkeer of verhinder beteken NIE).<br>(Aanvaar ook meervoud en verkleining, omdat dit fleksiemorfeme bevat; nie samestellings nie, omdat dit die betekenis verander.) | 1 | 4 | 1: Gebruik homonieme in 'n sin om verskil in betekenis aan te dui. | 3 |
| 5.11 | • Mmm!/Mmm./Mmm ... ✓½<br>Die Japanners,✓½ Switsers en **E**✓½ ngelse hou ook van sjokolade./!✓½<br><br>• Mmm,/Mmm ... **die**✓½ Japanners,✓ ½ Switsers en **E**✓½ ngelse hou ook van sjokolade./!✓ ½<br>(Komma en kleinletter d moet saam gebruik word.) (Eerste vier leestekens word nagesien.)<br><br>(Enige EEN) | 2 | 4 | 2: Gebruik punktuasie en hoofletters korrek. ½ vir uitroepteken/punt/ellips, ½ vir komma; ½ vir hoofletter (Engelse), ½ vir punt/uitroepteken. | 5.11 |
| 5.12 | • Die soldate behoort vir energie sjokolade **te** eet.<br>• Die soldate behoort sjokolade vir energie **te** eet.<br>• Die soldate behoort sjokolade **te** eet vir energie.<br>(Enige EEN) | 1 | 4 | 2: Gebruik onbepaalde wyse soos infinitief, behoort + te + ww. | 1 |
| 5.13 | A wen | 1 | 4 | 2: Identifiseer en gebruik idiomatiese taal korrek. | 2 |
| | **SUBTOTAAL: 14** | | | | |

Kopiereg voorbehou

| TEKS B: PRENT [Uit: *Tukkiewerf*, 2009] | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **LU** | **AS** | **DENK VLAK** |
| 5.14 | • (sport)joernalis/te<br>• sportskrywer/-skryfster<br>• verslaggewer/verslaggeefster<br>• sportverslaggewer/sport-verslaggeefster<br><br>(Enige EEN) | 1 | 4 | 1: Gee een woord vir 'n beskrywing | 1 |
| 5.15 | Die een man sê: "**Ek** ✓het 'n goeie skop gesien✓." | 2 | 4 | 2: Gebruik direkte rede korrek. Voornaamwoorde verander: hy > ek. Woordorde korrek met hulpwerkwoord (het) na onderwerp en werkwoord (gesien) aan die einde van die sin. | 2 |
| 5.16 | oor | 1 | 4 | 2: Gebruik die voorsetsel in sin korrek. | 1 |
| 5.17 | • Baie geluk/Geluk<br>• Baie dankie/Dankie<br>• Wonderlik<br>• Ou doring<br>• Mooi<br>• Hoera/Hoeraaa (vir effek)<br>• Jippie/Jippieee (vir effek)<br><br>(Of soortgelyk met 'n positiewe respons.) | 1 | 4 | 2: Gebruik emotiewe taal in verskillende situasies. | 2 |
| 5.18 | gesinsvermaak | 1 | 4 | 2: Gebruik s.nw. en abstrakte s.nw. om 'n samestelling te vorm. | 2 |
| | | **SUBTOTAAL: 6** | | | |
| | | | | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | | | | **GROOTTOTAAL:** | **80** |

Kopiereg voorbehou